BYBELSTUDIE OPENBARING LES 10 [SARDIS].

Sardis was een van die veiligste stede van die Oudheid, gebou op ’n berg met kranse van 500 meter hoog – behalwe aan die suidekant. Twee keer in die geskiedenis was die wagte egter nie op hulle pos nie en is die stad ingeneem. Weens beperkte ruimte is ’n nuwe stad later langs die Paktolusrivier gebou. Die inwoners was trots, verwaand en selfversekerd. Hulle was vervaardigers van wolklere en daar was ook gevestigde landbou en ’n uitgebreide tekstielbedryf.
In die omgewing van Sardis het heelwat Jode gewoon. ’n Groot sinagoge is later in Sardis opgegrawe. Die beskermgodin van Sardis was Artemis. Sy was die godin van lewe en onsterflikheid.
Tot in die veertiende eeu was daar ’n Christelike gemeente in Sardis. Die stad was steeds besig om agteruit te gaan toe Openbaring geskryf is. Dieselfde het gebeur met die gemeente. Die ander gemeentes het gedink dat Sardis ’n lewendige gemeente is wat vir die Here leef. Maar die Here het dieper gesien en geweet wat die werklike toestand van die gemeente was. Behalwe ‘’n paar lidmate, was hulle “dood”. Daar was nie ’n stryd soos in Efese of vals profete soos by Pergamum en Tiatira nie. Daar was ook geen lyding en vervolging ter wille van die geloof soos in Smirna en Pergamum nie. Ook geen sendingywer soos by Filadelfia nie. Dit was nie dat die gemeente niks gedoen het nie. Tog was daar groot agteruitgang. Miskien het die gemeente die heidense omgewing deel van hulle lewe gemaak. Daarom die naderende geestelike dood.

BYBELSTUDIE OPENBARING 3:1-6 [SARDIS].

1. LEES: Openbaring 3:1-6.
   Die brief aan Sardis is volgens dieselfde patroon as die ander briewe geskryf. Die volgende elemente word by Sardis aangetref:
   Die adres [1a]
   Die selfbenoeming van die Here [1b]
   Dit wat die Here vir die gemeente sê:
   Wat Hy van die gemeente weet [1c]
   Wat die gemeente moet doen [2,3a,3b]
   Hulle sterk punte [4a,4b]
   Die vermaning om te luister [5a,5b,5c,6].
   Lees die brief en voltooi bostaande patroon.

2. LEES: Openbaring 3:1 “Ek weet alles wat julle doen”; Die NLV sê: “Ek ken julle handel en wandel”; Galasiërs 5:6; Galasiërs 5:22.
   Die Griekse woord vir doen [erga] beteken dade of werke: Ek ken julle dade of werke! Dit is die sinnetjie waarmee vyf van die sewe briewe begin. Waarna verwys die doen [dade/werke] van die gemeente?

3. LEES: Openbaring 2,3b.
   In vers 2 word die gemeente opdra gegee om wakker te word uit hulle geestelike insluimering. Maar hoe? Wat moet hulle doen om dit reg te kry? Tot en met vers 3a volg vier opdragte wat die gemeente weer sal help om te lewe. Wat is die opdragte en wat beteken dit?

4. LEES: Openbaring 3c; Matteus 24:43; 1Tessalonisense 5:2-4; Openbaring 2:5.
   Waarom moet die gemeente dringend wakker word?
   Dui hierdie uitspraak net op Christus se wederkoms?

5. LEES: Openbaring 3:4,5: Wit klere; 4:4; 6:11; 7:13-14; 19:14; Markus 9:3; Handelinge 1:10.

Elkeen wat die oorwinning behaal – dit wil sê: wat geestelik wakker loop – sal wit klere dra . Wat is die betekenis van die wit klere in die Bybel?

6. LEES: Openbaring 3:5 Die boek van die lewe! 13:8; 17:8; 20:12,15; 21:27; Eksodus 32:32-33; Daniel 7:10.
   Christus sal nooit iemand wat wit klere dra, sê naam uit die boek van die lewe uithaal nie. Wat is die betekenis van die boek van die lewe?

7. Som die boodskap van Sardis kortliks op en pas dit toe op jou gemeente.

ANTWOORDE.

1. Adres: Aan die gemeente in Sardis [1a].
   Die selfbenoeming van die Here:

- Christus wat die Sewe Geeste en die sewe sterre vashou is aan die woord [1b].

Dit wat die Here vir die gemeente sê:

Wat Hy van die gemeente weet:

- Ek ken julle dade en weet dat julle reeds dood is [1c].

Wat die gemeente moet doen:

- Word wakker en versterk wat oorgebly het [2].
- Dink aan die evangelie [3a].
- Bewaar dit, bekeer julle en word wakker [3b].

Hulle sterk punte:

- Sommige het nie hulle klere besoedel nie [4a].
- Hulle is die wit klere by my waardig [4b].

Die vermaning om te luister:

- Wie oorwin sal wit klere dra [5a].
- Hulle naam sal nooit uit die boek van die lewe gehaal word nie [5b].
- Die oorwinnaars behoort aan Christus [6].
- Luister wat die Gees sê.

2. Dit val op dat Jesus Christus nie na die gemeentes se geloof kyk nie, maar daarna wat hulle doen – hulle werke en hulle dade. Hierdie dade verwys natuurlik na ons goeie dade of anders gestel: die vrug van die Heilige Gees. Waar dit in ’n gemeente afwesig is, is so ’n gemeente dood. Letterlik sê Christus vir Sardis in vers 1: Hulle is ’n lyk [nekros].
3. Die wat oorgebly het, moet versterk word [2b]. Daar is nog ’n paar lidmate in die gemeente wat “leef” [4]. Hulle opdrag is om aandag te gee aan die ander.
   - Hulle moet weer dink aan die evangelie en daarna luister [3].
   - Hulle moet daarmee volhou [3]. Letterlik staan daar: Bly gehoorsaam daaraan – dit is aan die evangelie.
   - Bekeer julle [3b]. Hierdie bekering beteken dat die lidmate weer anders moet dink en daarom anders moet leef.

   Kort saamgevat doen ’n lewende en aktiewe gemeente die volgende: Ons gee aandag aan mekaar. Ons luister na die evangelie [woordbediening] en lééf dit. Daaglikse bekering is ’n kenmerk van ons lewe.
4. Die gemeente moet dringend wakker word, want indien dit nie gebeur nie, sal die Here Jesus onverwags kom soos ’n dief in die nag. Hy kom dan om te oordeel [2:5].
   Christus se skielike koms hoef nie in hierdie geval noodwendig op sy wederkoms te dui nie, maar op ’n oordeel in die hede. Die klem val daarop dat die Christene van Sardis elke oomblik gereed moet wees om die Here Jesus te ontvang en hulle optrede moet van hulle gereedheid getuig.

5. Die Bybel verbind wit klere simbolies aan hemelse wesens. Op die berg van verheerliking het Jesus se klere spierwit geword en ons lees sewe keer van wit klere in Openbaring. In Openbaring 3:18 word Laodisea aangeraai om wit klere te koop om hulle naaktheid [simbolies van oordeel] te verberg. In Openbaring 6:11 word aan die gelowige mense onder die altaar wit klere gegee – simbolies van hulle regte verhouding met God. In Openbaring 4:4 het die 24 ouderlinge wit klere aangehad [voor God] en voor die troon van die Lam het die groot menigte ook wit klere aan. So is die wit klere simbolies vir geestelike regverdigheid en oorwinning [vgl. Op.19:14].
6. Die beeld van die boek van die lewe, hou verband met die boekrol waarvan die Ou Testament praat en waarop die name verskyn van diegene wat by God in guns is [Eks.32]. iemand wie se naam uit die register verwyder word, word van sy voorregte as burger ontsê en afgesny. Die boek van die lewe is dus die simboliese lys name van burgers van die koninkryk van God wat bestem is om die ewige lewe te ontvang [Dan.7:10; Op.20:10]. Burgers wie se name in dié register verskyn, het hemelse burgerregte en sal vir ewig lewe.

Hier vind ons ’n gemeente wat dink dat hy lewe, maar intussen is hy sterwend. Dit alles omdat die goeie werke – die vrug van die Gees – nie sigbaar teenwoordig is nie. Die lewende lidmate in ons gemeente sal met nuwe inspanning en ywer moet omsien na die “randgelowiges”.

****